

### Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA CIRIAAN SA	DATUM 2018/11/21		DATUM 2018/11/20		+ - LAST WEEK 2018/11/12		BY DIE GELD PUT OPSIE			
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data		WM	YM	
DJIA-index	24466	-551.80	-2.2%	25017	-5.9%	25989	JUL '19 TERMYNPRYS	R 2 485.00	R 2 458.00	
Goud (Spot)	1220.8	-1.40	-0.1%	1222.2	1.0%	1208.6	PUT TREFFPRYS	R 2 480.00	R 2 460.00	
Brent \$/vat	62.51	-4.72	-7.0%	67.23	-12.4%	71.36	PUT PREMIE	R 228.81	R 196.43	
1 € / US\$	1.1380	-0.01	-0.4%	1.1430	0.6%	1.1309	MIN SAFEX PRYS	R 2 251.19	R 2 263.57	
1 US\$ / ZAR	14.07	-0.020	-0.1%	14.09	-1.7%	14.32				
Corn	R 2 000.71	-10	-0.5%	R 2 010.21			*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day			
Wheat	R 2 588.02	13	0.5%	R 2 575.13			* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day			
Soybeans	R 4 554.63	34	0.8%	R 4 520.72			* CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day			
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.			
Corn Dec 18	361.20	-1.20	-0.3%	362.40			29	WM	YM	TM
Wheat Dec 18	500.60	3.20	0.6%	497.40			WEEK TOTAAL	7 133	6 808	13 941
Soybeans Nov 18	881.00	7.80	0.9%	873.20			JTD TOTAAL	242 176	1 339 106	1 581 282
PLAASLIKE MARKINLIGTING							MIELIE UITVOERE			
SORGHUM Mar '19	3600.00	0.00	0.0%	3600.00			UITVOERBAAR	1 550 000	2 455 000	4 005 000
WMAZ Spot	2324.00	-28.00	-1.2%	2352.00			JTD AS % VAN UITVOERBAAR	16%	55%	39%
WMAZ Dec 18	2330.00	-30.00	-1.3%	2360.00			TEMPO/WEEK BENODIG	56 862	48 517	105 379
WMAZ Jul 19	2485.00	-19.00	-0.8%	2504.00			MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
YMAZ Spot	2359.00	-21.00	-0.9%	2380.00			WEEK TOTAAL	9 199	5 326	14 525
YMAZ Dec 18	2365.00	-27.00	-1.1%	2392.00			JTD TOTAAL	6 222 845	5 441 375	11 664 220
YMAZ Jul 19	2458.00	-10.00	-0.4%	2468.00			NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 601 560	5 779 650	12 381 210
SOY spot	4625.00	32.00	0.7%	4593.00			% GELEWER VAN OES	94%	94%	94%
SOY May 19	4804.00	-26.00	-0.5%	4830.00			TEMPO /WEEK BENODIG	25 248	22 552	47 799
SUN Spot 18	5176.00	-4.00	-0.1%	5180.00			KORING INVOERE			
SUN May 19	4997.00	-36.00	-0.7%	5033.00			2018/19	2017/18	5 Jr. GEM	
WHEAT spot 18	4257.00	37.00	0.9%	4220.00			WEEK TOTAAL	26 364	34 585	29 551
WHEAT Dec 18	4279.00	29.00	0.7%	4250.00			JTD TOTAAL	92 307	430 399	302 708
WHEAT Mar 19	4403.00	32.00	0.7%	4370.00			TOTAAL BENODIG	1 400 000	2 173 234	1 727 637
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE							JTD AS % VAN BENODIG			
							7%			
							20%			
							18%			

**Markoorsig:** Die rand verhandel vanoggend teen R14.07/\$ en het twee sent versterk vanaf die vlakke waarteen dit gister met marksluiting verhandel het. Die rand het gister weer onder die R14/\$ gaan draai en het verswak tot en met R14.17/\$. Die rand bly maar steeds volatiel en word tans grootliks gedryf deur internasionale faktore. Plaaslik bly die groot fokus steeds op die beleidsonsekerheid en sal beleggers hierdie aspekte dophou in die volgende paar maande. Die president het gister weer beleggers die versekering gegee dat die grondonteiening in 'n geordende manier sal plaasvind. Die debat in hierdie verband sal egter steeds voortduur oor die volgende paar maande totdat daar meer sekerheid is rakende hoe dit sal plaasvind en wat moontlike wysigings van die grondwet kan wees. Hierdie week sal die hoofokus op die inflasiekoers vir Oktober wees, wat vandag deur Statistiek SA bekend gemaak asook die SARB se rentekoers beslissing wat more bekend gemaak word.

**Mielies:** Die Amerikaanse mielie mark het gister hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in beide die Desember en Maart termynkontrakte. Die druk op die Amerikaanse mielie mark kan tot 'n groot mate toegeskryf word aan 'n oorspoel effek vanaf ander markte. Daar was ook 'n redelike groot kansellasië van uitvoerverkope gerapporteer wat negatief was vir die Amerikaanse mark. Die stroop proses van mielies in die VSA vorder redelik goed en word op 90% voltooi gerapporteer en dit is redelik in lyn met die vorige seisoen se tempo van 89% voltooi en die 5 jaar gemiddelde tempo van 93% voltooi. Privaat uitvoerders het 'n kansellasië van ongeveer 200 000 ton se mielie uitvoerverkope aan die USDA gerapporteer. Hierdie verkope was bestem vir onbekende bestemmings gedurende die 2018/19 bemarkingsseisoen. In ander internasionale nuus is die verwagting dat die mielie produksie in die Oekraïne hierdie seisoen 34.8 miljoen ton behoort te bereik wat 2.4% meer is as die vorige skatting. Die graanoes in die Oekraïne is hierdie seisoen reeds teen 'n nuwe rekord terwyl daar nog mielies oor is wat gestroop moet word. **Plaaslik:** Die plaaslike mielie mark het gister onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit- en geelmielies. Dit is in groot gedeeltes van die somersaaigebiede steeds te droog vir die nuwe seisoen aanplantings om optimaal plaas te vind en die weerstoestand oor die volgende twee weke sal kritiek wees.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboon mark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag en het van Maandag se groot verliese in die mark opgemaak. Die ondersteuning in die mark kan grootliks toegeskryf word aan winskope met die markprys van sojabone wat Maandag skerp gedaal het. Die sojaboonmeel en sojaboon olie markte in die VSA het gister ook ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag. Die nuutste weeklikse produksieverorderingsverslag het aangedui dat 91% van die sojabone in die VSA reeds gestroop is wat steeds minder is as die 5 jaar gemiddelde en verlede seisoen se hoeveelheid gestroop teen hierdie tyd van die seisoen. Privaat uitvoerders het gister sojaboon uitvoerverkope van ongeveer 122 500 ton aan die USDA gerapporteer. Dit is vir lewering aan onbekende bestemmings in die 2018/19 bemarkingsseisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboon mark het gister gemeng verhandel en het sterker verhandel met die November maand kontrak wat sterker gesluit het vir die dag terwyl die res van die kontrakmaande meestal onder druk gekom het vir die dag. Alhoewel die aanplantings in sommige gebiede van die land reeds begin het en aan die gang is, is dit oor die grootste gedeelte van die land droog en reën sal kritiek wees oor die volgende twee weke vir die aanplantings om optimaal plaas te vind.

**Koring:** Die Amerikaanse koring mark het gister gemeng verhandel met die sagte rooi winterkoring mark wat effens sterker verhandel het vir die dag terwyl die harde rooi winter en lentekoring markte laer gesluit het vir die dag. Die aanplantings van die winterkoring vorder redelik goed en was in die nuutste weeklikse USDA verslag op 93% voltooi gerapporteer. Dit is egter steeds effens laer as die 5 jaar gemiddelde tempo van 97% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Die produksietoestand is egter beter en die USDA het die hoër aangepas vanaf die vorige week se skatting wat redelik teen die algemene verwagting was. Die produksietoestand van die winterkoring in die VSA word nou op 56% goed tot uitstekend geskat. In ander internasionale nuus word daar gerapporteer dat die aanplantings van winterkoring in Indië teen 'n rekord tempo plaasvind met 77% van die koring vir die seisoen wat reeds geplant is. Japan het 'n tender uitgesit om koring aan te koop vir invoer doeleindes wat vanaf die VSA of Kanada verkry sal word, terwyl Bangladesj 'n tender uitgesit het om koring vanaf opsionele oorsprong af aan te koop. **Plaaslik:** Die plaaslike koring mark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die stroop proses van koring duur steeds voort in sommige gedeeltes van die land, terwyl die koring in gedeeltes soos veral die Vrystaat tans baie swaar kry as gevolg van die droë en warm toestande.

Plaaslike Markinsigte & Data: [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za) / [www.sagis.co.za](http://www.sagis.co.za)  
Internasionale Markinsigte & Data: [www.usda.co.za](http://www.usda.co.za)

Opgestel deur Luan van der Walt en Ikageng Maluleke / Vir navrae, kontak: [luan@grainsa.co.za](mailto:luan@grainsa.co.za)  
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

